

Waterkruik



JAARGANG 55

NO 44

18 November AD 2018

EREDIENS VANDAG

Vanoggend word die Heilige Nagmaal gevier. Die nabetraging volg direk na die oggenderediens.

Daar sal dus vanaand geen erediens wees nie.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyk 23 & 24

Ouderlinge: Herman Hamersma en Neels Kloppers

Diaken: Kilayne Pelser

Volgende Sondag: Wyk 25 & 26

Ouderlinge: Pieter du Plooy en Grandi Theunissen

Diaken: Jeane Oosthuizen

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Die res van hierdie jaar word die kollekte by die deure afgesonder vir die Kerkkas.

TEESKINKBEURTE

Dankie aan die sustersbestuur wat vanoggend tee en koffie bedien.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyk 7 o.l.v. Lisl Lindeboom.



VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee."
2 Tessalonisense 3:16

Vandag

Annalette du Plessis (14) 083 255 3830

Sr. Rhoda Erasmus 082 976 6247

Maandag 19 November

Sr. Nita Labuschagne 012 755 4037
Catharine Kumm (4) 083 492 8227

Woensdag 21 November

Sr. Marie Vos 076 089 0277

Donderdag 22 November

Johan Mienie (15) 083 566 6550
Philippa Stronkhorst (3) 083 675 3198

Vrydag 23 November

Sr. René J. van Rensburg 072 262 5050
Br. Jano Smith 012 460 1583

Saterdag 24 November

Br. Maarten Kotze 083 454 5351
Br. Juan Mienie 083 566 6550

Hartlik geluk aan sr. Nita Labuschagne wat more haar 81ste verjaardag vier en sr. Mari Vos wat Woensdag haar 85ste verjaardag vier. Mag die Here julle ryklik seën met goeie gesondheid en geluk in die nuwe lewensjaar.

ATTES ONTVANG

Ons verwelkom graag vir *Lies/ Schutte* wat van Innesdalgemeente by ons aangesluit het en *Else Peters* wat van Alkantrant by ons aangesluit het, in ons midde. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van ons gemeente.

MEELEWING

Br. *Alwyn van der Walt* sterk aan in die Groenkloof Hospitaal nadat hy Woensdag 'n operasie ondergaan het. Ons bid jou spoedige en volkome herstel toe. 084 515 4179

Met leedwese maak ons bekend die afsterwe van *ds AS Heystek [Fanus]*, emerituspredikant van GK Akasia, op 15 November 2018. Begrafnisreëlings sal later bekend gemaak word. Ons bid sy gesin en familie die vertroosting van die Heilige Gees toe.

"Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers." (2 Petrus 3:13)



VERKIESING

Die volgende broeders is geroep om as ouderling en diaken te dien:

As ouderling: br. Alwyn Rossouw

As diaken: br. Edward Engelbrecht

Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.

BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds SJB Lee (Hannes) van Ladybrand na Messina.

Ds DJ Malan (Danie) van Uitschot na Piet Retief.

BEROEPE AANVAAR

Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar



KUIERKAFEE

Dinsdag, 27 November open die Kuierkafee sy deure vir die laaste maal in 2018. Elize Breed, gaan ons een en ander interessantheide vertel oor hulle besoek aan Hongarye. Daarna gaan ons heerlik saam kuier.

Jy is welkom, al was jy nog nooit daar nie!!

Enige probleem met vervoer, kontak An Venter 012 460 9166 of Rika le Roux 082 675 0979



KERSPROGRAM EN ETE

Verlede Sondagand 11 November het ons gemeente weer die Kersgebeure gevier met 'n aangrypende Kersprogram. Die talentvolle sanger, Pierre van der Westhuizen, het ons voor die diens in die regte atmosfeer geplaas met 3 pragtige gewyde liedere. Daarna het die erediens plaas gevind met die tema: "**God stel uitdruklik die wonder van sy nuwe bedeling uit**". Na die diens het ons as gemeente saam met Pierre gedeel in die viering met samesang van bekende kersliedere en gepaste voorlesings deur Kara le Roux en Roné Josling uit die Bybel en 'n orreluitvoering deur Ansie Wichmann. Dit was 'n pragtige en aandoenlike program wat ons orreliste en Dr Douw saamgestel het. Dankie daarvoor!!

Na die verrigtinge het ons verdaag na 'n pragtig versierde saal en heerlik gesmul aan aantreklike broodjies, groentestokkies en sap. Daar is gesellig saam gekuier en as gevolg van 'n goeie bywoning is die gemeenskap van die gelowiges weer versterk!!

Baie dankie aan die IK Kommissie, die bestuur en die susters van wyke 5, 17, 18 en 19 wat bygedra het tot die heerlike aand!

DANKIE!!!

Goeiemôre Almal,

Hierdie brief is *eintlik* aan ons **Susters** gerig, maar omdat ons sulke ywerige broeders het, sal ons maar **almal** aanspreek, ook die kinders.

Ons praat nou van al die **werke** wat hierdie jaar in ons gemeente gedoen is. Jy sal sê dis 'n taalfout - Dit moet werk wees. Is nie. Dis werke. Ook nie werkies nie. Want daar was baie werk. **Groot werke**. Soos:

Teeskink op Sondae. Het jy al getel hoeveel Sondae het jy tee gedrink? Ag goed, koffie ook. En hoeveel keer het jy koekies daarby gekry? En dit was nooit deel van die ooreenkoms nie. Ek hoop jy het mooi dankie gesê. En het jy gesien hoeveel keer was daar broeders wat koppies gewas het? Agter elke suksesvolle suster staan 'n wonderlike broeder. Baie keer kinders ook. Weet jy wie sorg dat daar elke Sondag 'n drinkdingetjie is? Een entoesiastiese suster organiseer dit.

Daai lekker kos by elke funksie; dis susters in die wyke wat dit beplan het. En toe voorberei het. En toe mooi gemaak het. En opgeruim het. So ook die wyke se broeders en kinders. Wyke is nie net daar vir ouderlinge en diakens en wyksusters om te weet wie om te besoek en te versorg nie. **Wyke se mense werk**.



Ons lees elke maand in die Waterkruik van **die Kuierkafee**. Daar is drie susters wat dit met groot liefde en toewyding versorg. En kostes daarvoor aangaan. Ons sien raak wat julle doen en ons waardeer dit vreeslik baie.

Ons kan oor nog baie werke praat:

Daar was 'n geskenkie vir ons senior lidmate. Die ouderlinge het gewillig gehelp dat ons seniors dit ontvang.

Ons wyksusters het 'n heerlike bederf-oggend gehad.

Ons het 'n gesellige "high"tee vir die versorgers van ons Kinderhuis aangebied.

Ons begin nou vervelig raak. Kom ons sê maar net:

Vir elke Sustersbestuurslid, wyksuster en suster, elke dominee, skriba, sekretaresse, ouderling, diaken, broeder en kind sê ons **BAIE DANKIE vir jou harde werk** in 2018.

Hou lekker vakansie en rus uit.

Groete.

Elise Breed

WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR ONS?

- * Dat ons 'n **geloofsgemeenskap** is met een belydenis en een diens aan die Drie-enige God,
- * dat ons in ons verhouding met mekaar teer en innig en vergewingsgesind moet wees want ons is 'n **liefdesgemeenskap**,
- * dat ons 'n **profetiese gemeenskap** is wat teenoor mekaar die Woord van God spreek,
- * dat ons 'n **gemeenskap van priesters** is wat offervure laat brand en in dankbaarheid verkeer,
- * dat ons 'n **biddende gemeenskap** is wat die wêreld dra in ons gebede en wat in smeking vir mekaar bid,
- * dat ons 'n **gemeenskap van konings** is wat die invalsmag van die Hemelse Koning is.



(ds C Hattingh snr. in Die Lewende Lidmaat)

DIE BOEK VAN LOF (12)

Die twaalfde aflewering van die reeks oor die Psalms word gewy aan die **ontstaanstyd van die psalms**.

Die Psalms is oor 'n tydperk van 1 000 jaar geskryf. Die vroegste is die psalm van Moses wat rondom 1 440 v.C. geskryf is. 'n Paar van die psalms kom van die tyd van die Babiloniese gevangenskap, ongeveer die 6e eeu v.C. (Psalms 126 en 137). Psalm 137 is moontlik die laaste psalm, 'n klaaglied oor die tyd van Babiloniese gevangenskap, wat van ongeveer 586 tot 538 v.C. geduur het. Van Dawid se psalms het addisionele notas wat dit met spesifieke tye in sy lewe verbind, bv. Psalm 59 wat verbind is aan 1 Samuel 19:11. " 'n Gedig na aanleiding daarvan dat hulle, in opdrag van Saul, Dawid se huis omsingel het om hom dood te maak"



(uit Kruispad uitg.42)

GEBEURE IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE KERK

Laas naweek het enkele gebeure wêreldwyd plaasgevind wat van besondere belang vir ons kerk en kerke oor die hele wêreld is.

Eerstens was daar die herdenking van die opstel van die **Dordtse Leerreëls** wat die riglyne vir die Leer van die **Uitverkiesing** daargestel het. Die Sinode van Dordt het op 13 November 1618 begin en het na 154 sittings op 9 Mei 1619 afgesluit. Hierdie geskrif is een van die belangrikste belydenisskrifte van die gereformeerde kerke in die wêreld.



Tydens die Sinode van Dordt 1618/1619 is ook besluit dat 'n **nuwe vertaling van die Bybel in Nederlands** geskep moet word. Dit moes 'n regstreekse vertaling uit Hebreeus, Grieks en Aramees wees. Die taak is na 20 jaar in 1637 voltooi. Aangesien die Nederlandse regering die fondse vir die werk beskikbaar gestel het, is die vertaling die **Statebybel** genoem. Laas Saterdag (10 November 2018) is 'n uitstalling in die Dordtrechtmuseum deur **Koning Willem Alexander** van Nederland geopen. Hy het vooraf in sy toespraak 'n deel van Romeine 12 (verse 9 tot 12) aangehaal. Hy het ook by dié geleentheid sy eie Statebybel, gedruk in 1748, aan die museum geskenk. Tydens die uitstalling is 'n apparaat (skryfrobot) in werking gestel wat die hele **Bybel in kalligrafie** gaan "oorskryf". Dit gaan die masjien nege maande neem om die taak te voltooi (êrens in Augustus 2019) ! Die werk kan deur besoekers besigtig word.

Die **Voortrekkers wat in 1837/-38** die binneland van Suid-Afrika ingetrek het 'n Statebybel besit en dit was hulle enigste leesstof op trek.

ALLERLEI

MEER AS 3 000 CHRISTENE DOODGEMAAK VIR HULLE GELOOF

Volgens Geopende Deure se navorsing is na raming 3066 Christene regoor die wêreld doodgemaak tydens die 2018 WWL-verslagdoeningsperiode. Soos blyk uit

die onderstaande tabel, het die aantal Christene wat doodgemaak is vir hulle geloof vanjaar weer gestyg ná 'n afname tydens die 2017-periode.

Aantal Christensterftes aangeteken :

2018 - 3 066

2017 - 1 207

2016 - 7 106



Die afname in 2017 was weens 'n afname in Boko Haram-aktiwiteite in Nigerië. Maar die sterftes in Nigerië het weer gestyg weens die aanvalle deur Fulani-Moslemveewagters op Christengemeenskappe. Berigte verwys hierna as etniese suiwing gebaseer op godsdienstige affiliasie.

DERDEPOORT FEESDAG

Die Gereformeerde Kerk Derdepoort het Saterdag die 24^{te} November 'n feesdag vir die insameling van fondse gehou word. Daar is heerlike ontbyt die oggend en dan ook ander eetgoed te koop. Daar is vir die kinders 'n waterglybaan, springkasteel, knortjor en "Wii tenpin bowling". Daar is ook 'n tweedehandse kleretafel, witolifantstalletjie en 'n veiling later die oggend. U kan ook kom volleyball en jukskei speel. Kontakte: Jackie Tredoux: 082 374 3330 tredouxjg@gmail.com

LE TOUR DE TSP150

Die 150ste bestaan van ons kerkverband se teologiese skool word volgende jaar (2019) herdenk.

Die naam **Le Tour de TSP150** is die naam wat die 20-tal studente en professore van die Teologiese Skool gekies het vir die fietstoer wat hulle beplan om op 19 Maart 2019 weg te spring. Die beginpunt is Burgersdorp (waar die Teologiese Skool in 1869 gestig is) en die plan is om 8 dae en 635 km later in Potchefstroom aan te kom. Op die pad gaan daar by verskillende Gereformeerde Kerke stilgehou word om saam met hulle die 150 jaar te herdenk.



Die studente het 'n spesiale versoek : hulle benodig enige fietsrytoerusting, fietsryklere of net finansiële bystand (borge). Kontak kan gemaak word met Dirk Meijer by 084 488 5032.

DEPUTATE JEUGSORG

Die Deputate Jeugsorg is opgewonde om hul Bybelplasingstoer na Malawi bekend te maak. Dié toer is van 23 Junie tot 4 Julie 2019. Meer inligting is beskikbaar by www.gkjeug.co.za.

VRUGTEKOEK

Ek bak weer vrugtekoeke. Soos julle alreeds weet, dit word net met die beste bestanddele gebak. Ek gee 'n deel van die opbrengs, vir liefdadigheid Groottes: 2kg R470; 1kg R250; 500gr R140. Die 500 gr koekies is ideale geskenkies. Annette Coetzer 082 652 1939

WOLMER GEMEENSKAPSPROJEK

U ondersteuning vir die volgende behoeftes sal waardeer word:

- Kerskospakkies vir 196 families – Benodig dringend die volgende - 500g rys (18), 410g perskeskywe in stroop (196), jellie (18), 125g vlapoeier (18), "Bakers Tappers"-koekies (18), 50g soppoeier (196), 410g gebakte bone (18) en 410g geblikte ertjies(196) . Finansiële donasies welkom, gebruik asb "Kerskospakkie" as verwysing.
- Bederfbare en nie-bederfbare kos bv. blikkieskos, pasta, papmeel, groente en ander. Hulle het verkoelingsgeriewe.
- Finansiële donasies kwalifiseer vir 'n art 18A-belastingcertifikaat (op aanvraag).

U kan u skenking in ons kombuis laat.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT

Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA

Eddie Trollip
083 230 4245

skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:

André Els: 082 828 1910

ATTESSKRIBA

Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OU DL SKRIBA

Corrie Skinner
082 494 0309

WEEKKOSTER:

Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt

012 460 6925 en 012 998 0912

VOORSITTER DIAK.

Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS

Ansie Wichmann
072 605 8675

KANTOORURE:

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.

U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

webwerf:

www.gkwaterkloofrand.org.za

Op die webwerf kan u etlike jare se preeksetse van dr. Douw lees en daar is ook

BANKBESONDERHEDE

Kerk:

ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:

ABSA: Diakonie Spaar

Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou)

PREEKVERDUIDELIKINGS

Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot

die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

"Die Heilige Gees verlig die verstand en die gees van die ware gelowige om te kan sien en te kan hoor as God die Vader, Seun en Gees Hom in sy volle wese openbaar – in die sterreheemel, oor die ganse aarde en in die lewe van God se kinders. Gelukkig en geseënd is elkeen wat kan sê: Here, ek sien en hoor U duidelik ... in al die fasette van my lewe! Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2 Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort), Almanak 7 November 2017